**FEBRUARIE TEMA: God se verlossingstroos realiseer in die Evangelies**

Woensdag **7 Februarie**

**Skrifgedeelte: Johannes 5:19-29**

**Fokusgedeelte: Johannes 5:24 (AFR2020)**

**Aan Jesus alleen het ons die ewige lewe te danke**

Wat beteken dit om lewend te wees? Meestal dink ons daaraan as die vermoë om te beweeg, te eet, te praat, ensovoorts. Lewe in die konteks van Johannes 5 het egter ’n baie dieper betekenis.

“Amen, amen”, begin Jesus in ons fokusvers. Wat hier volg, is dubbeld seker. Elkeen wat sy woorde hoor en glo dat die Vader Hom gestuur het, het die ewige lewe. So ’n persoon het reeds uit die dood oorgegaan na die ewige lewe. So ’n persoon het niks meer te vrees vir die oordeelsdag nie. In al hierdie voorregte deel so ’n persoon nou al! Nie eers eendag of eers na dit of dat gebeur het nie. Nou reeds.

Die vraag is: Hoe word iemand wat dood is, lewend? Dit kan tog nie deur die toedoen van die dooie self wees nie? Hy is dan dood. Dit is alleen te danke aan Jesus, die Seun van God. Hy is die gevolmagtigde van die Vader wat lewe skenk aan wie Hy wil. Jesus is terselfdertyd ook die Seun van die Mens wat na die aarde gekom het ter wille van die mens. Hy staan dus as’t ware tussen ons en die Vader om versoening te bewerk. Dit doen Hy deur die sonde, wat die oorsaak van die skeiding was, op Hom te neem. Hy betaal die prys vir hierdie sonde wat die oorsaak van ons dood was en Hy maak ons lewend sodat ons weer in verhouding met ons Vader kan staan. Wat ’n genade!

Hierdie wete behoort ons ganse uitkyk te verander. Daar is tog geen ooreenkoms tussen die optrede van ’n dooie en ’n lewende nie. Geen! Daar behoort dus ook geen ooreenkoms tussen ons optrede en dié van die dooie wêreld rondom ons te wees nie. Met die nuwe lewe wat in ons is, streef ons daarna om so te leef dat God al die eer ontvang. Dit is immers aan Hom alleen te danke dat ons lewend is!

*Sing: Skrifberyming 1-1:1, 2, 7*

*Ds. BA (Banie) van der Walt (Paarl)*